# LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

16-04-2018

Geagte Ouers en Leerder

## OMSENDBRIEF 13 VIR 2018

1 **GRAAD 1/2019:**
Maandag, 16 April om 08:00 begin Graad 1/2019 aanlyn-registrasie by die skool in voorportaal van die saal tot 19:00.

2 **KLEUTERATLETIEKDAG**:
Saterdag, 21 April om 08:00 is ons jaarlikse Kleuteratletiekdag op die rugbyveld. Al ons ouers is baie welkom.

3 **VERSOEK AAN OUERS:**
Ouers word DRINGEND versoek om asb. nie by of voor die klasse te wag vir leerders nie. Geen ouers mag tussen klasse beweeg in onderrigtyd nie, dit ontwrig die leerders in die klasse.

**4 FONDSINSAMELING:**
Leerders en ouers, daar is nog een maand oor voordat ons kaartjie verkope van die VW Vivo kar sluit. Onthou daar is groot pryse wat gewen kan word. Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018 - alle boekies moet dan ingehandig word.

5 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**
Heidelberg Eisteddfod het reeds vir inskrywings gesluit, behalwe koor en instrumentaal wat uitgestel is. Hierdie items se deelname is eers in Augustus, dus sluit hul inskrywings Vrydag, 25 Mei. Die res van die afdelings vind plaas vanaf 14-26 Mei te Heidelberg Public School. Tye van deelname sal uitgegee word sodra dit ontvang is. Kunsstukke moet ingehandig word op Vrydag, 11 Mei by Juf Helanie. Die volgende moet agterop jou kunsstuk geskryf wees: Jou naam; Laer Volkskool Heidelberg, Jou Graad en jy moet 'n naam vir jou kunswerk gee bv. "My droom as veearts". Dit mag in Engels ook wees. Tema: Beroepe.

**6 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:**
Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Hierdie afdeling sluit in: Afrikaanse en Engelse Voordrag en Redenaars/Spreekkuns. Sluitingsdatums vir inskrywings by Laer Volkskool is 1 Mei 2018. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Kostes beloop: Redenaars: Individueel - R40 en Onvoorbereid - R40; Gedigte - R35.

Let asb. daarop dat alle inskrywingsgelde kontant betaalbaar is. Die korrekte bedrag moet saam met u volledige inskrywingsvorm ingehandig word - geen kleingeld is beskikbaar nie. Inskrywingsvorms en gedigte is beskikbaar by Juf. Lizelle Botha (Gr R-3) en Juf. Helanie Willemse (Gr 4-7), asook Redenaar-inligting.

7 **NETBAL 2018:**

- Netbal oefentye is Maandag en Donderdag soos normaal vir al die spanne.
- Dinsdag is wedstryde tuis teen Risiville.

8 **MINI-NETBAL 2018:**

Oefening vir almal is soos normaal.

9 **KOOR**:

- Juniorkoor oefen Maandag soos normaal in die Mediasentrum.
- Seniorkoor oefen Woensdag soos normaal.

10 **RUGBY**:

- ***Vriendskaplike rugbywedstryde en ligadatums:***

| | | |
|---|---|---|
| 19 April | 0/9 - 1ste span @ Laerskool Vryheidsmonument | Weg |

**- GEEN BULLETJIE RUGBY OEFENING WOENSDAGAAND NIE, A.G.V DAMESFUNKSIE OP DIE VELD.**

**11 SPREEKKOOR**:

Ons oefen Maandag, 16 April 2018 vanaf 13:00 - 13:45. Almal MOET asb. daar wees. Eisteddfod is om die draai!

12 **INKLEURPRENTE**:

Al ons maatjies moet asb. onthou van die inkleurprentjie wat in die Volkie Nuusbulletin was, om dit vir Tannie Heléne te bring met jou naam op en 'n R2.

13 **IVY SUTTON - "TWEE VAAR BETER AS EEN"**

Kom geniet 'n onvergeetlike damesaand - "Onder die sterre" op Woensdag, 18 April 2018 om 18:00 by Laer Volkskool. Daar is elke kaartjies nog beskikbaar by die skool teen R150 per persoon, wat 'n ete insluit. Bring asb. u eie drinkgoed, kussing en kombers saam.

15 **RO-AFRIKAANS GR 7:**

A.g.v. Departementele vergaderings verskuif die RO-Afr-Gr7 na Donderdagmiddag.

16 **SKAAK**:

Die D7 liga is Saterdag, 21 April by Laerskool Arconpark. Reëlings sal deurgegee word.

14 **EKSAMENROOSTER VIR JUNIE 2018:**

- **Ons wissel na elke dag se eksamen.**
- **Die leerders gaan aan met formele skoolwerk van 3de kwartaal.**
- **Ouers moet asb. vakansie reëlings tref vanaf 22 Junie 2018. Rapporte word uitgedeel aand van 21 Junie 2018.**

| DATUM | GR 4 | GR 5 | GR 6 | GR 7 |
|---|---|---|---|---|
| 28 Mei | Afr | Afr | Afr | Afr |
| 29 Mei | Geo | Geo | - | EBW |
| 31 Mei | LV | LV | Gesk | Gesk |
| 4 Junie | | | | Teg |
| 5 Junie | NW & Teg | NW & Teg | LV | NW |
| 6 Junie | | | Geo | Geo |
| 7 Junie | Eng | Eng | Eng | Eng |
| 8 Junie | | | | SK |
| 11 Junie | Wisk | Wisk | Wisk | Wisk |
| 12 Junie | Gesk | Gesk | | LO |
| 13 Junie | | | NW & Teg | |

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF